



Skoolreëls

021-872 8935

Gerda Maree 084 689 1482

Rosestraat 22A, Paarl

Beste ouers

Baie welkom by Tjokkerland! Ons is altyd baie opgewonde oor nuwe maats by die skool en ons is seker julle gaan baie gelukkig wees hier by ons. Ons sien uit daarna om 'n belangrike deel van julle lewens te wees. Om dinge vir ons almal te vergemaklik, wil ons net die volgende algemene reëls onder u aandag bring.

Finansies

U is vir die volle 12 maande van die jaar verantwoordelik vir u kleuter(s) se skoolfooie. **Foie is vooruitbetaalbaar voor of op die 7de van elke maand.**

Skoolfooie kan kontant direk by Gerda betaal word of via EFT in Tjokkerland se FNB Bank Rekening.

Bank besonderhede vir inbetalings:

Rekeninghouer:	TJOKKERLAND KLEUTERSKOOOL PAARL
Bank:	FNB
Rek.no:	625 737 258 20

Ons vra asseblief dat u alle kontant direk aan die bestuurderes sal betaal, dit is nie die klasonderwyseres se taak om gelde in te samel nie. Dit vergemaklik die hele proses en vermy enige misverstande. Dankie vir u samewerking!

Skoolfooie vir Januarie – Desember 2019

REKENINGE IS STRENG VOORUITBETAALBAAR

Registrasiefooi – R100

Voldag vir 1 kleuter – R1 800 x12

Halfdag vir 1 kleuter – R1 500 x12

Voldag vir meer as een kleuter – R1 800 vir die eerste kind, daarna R1 600 per kleuter x12

Halfdag vir meer as een kleuter – R1 500 vir die eerste kind, daarna R1 400 per kleuter x12

Dagsorg: R100-00 per dag.

Agv van hoë koste van instandhouding is ons genoodsaak om 'n jaarlikse huur vir matrasse en toerusting te hef. Die bedrag beloop **R120** per kind of **R200** per gesin indien 2 of meer kinders in die gesin per jaar. Hierdie bedrag kan in 3 paaiemente afbetaal word. *Dit sal by u Januarie staat ingereken word.*

Indien u enige probleme het met die betaling van u skoolfooie, kom gesels gerus.

Elke Vrydag word u kleuter se boodskapboek huis toe gestuur met belangrike boodskappe en die week se werkies. Teken dit en stuur Maandagoggend terug. Alle kwitansies en state sal d.m.v. die boodskapboek aan u gestuur word.

Kennismaand

Indien u kleuter(s) die Kleuterskool gaan verlaat, is een kalendermaand se skriftelike kennis 'n vereiste. Indien daar kennis gegee word en die kind binne 2 maande weer ingeskryf word, sal geen registrasiefooi gehef word nie, maar die uitstaande maand of 2 sal gefaktureer word. Indien meer as 2 maande verloop het en voldoende motivering gegee word, sal daar weer 'n registrasiefooi gehef word.

Tye

Voldag: 06:45 soggens tot 17:30 saans.

Halfdag: 06:45 soggens tot 12:00 smiddags.

(Halfdag – GEEN MIDDAGETE en voor of teen 12:00)

Alle kleuters moet soggens 08:30 by die skool wees vir ontbyt. Daar sal nie pap gehou word vir kleuters wat laat kom nie. Sorg asb dat u kleuter betyds is, klassies begin direk na ontbyt!

Halfdagkleuters moet na tussen 12:00 en 12:30, in die kombuis afgehaal word. Enige halfdagkleuter wat na 13:00 nog by die skool is, sal saam met die voldagkleuters in die klasse moet gaan slaap.

Onthou ook dat daar boetes gegee word vir ouers wat hul kleuters na 17:30 kom haal, sonder om vooraf met die personeel te reël. R10 vir elke 5 minute laat! Hierdie boete is nie later as die volgende dag betaalbaar nie.

Kleuterbenodigdhede

Wat moet ek saambring as ek die eerste keer skool toe kom:

1. Voldagkleuters moet 'n klein kombersie en kussing vir slaapyd saambring tydens die wintermaande.
2. Alle dogtertjies met lang hare moet 'n kam of borsel bring wat by die skool gehou word.
3. Elke kleuter moet 2 donkerkleurige waslappies saambring. Hierdie word elke naweek saam met die skool se wasgoed gewas.

Wat moet elke dag in my tas wees:

1. Minstens een stel skoon klere en onderklere.
2. Koeldrank en 'n kosblik vir pouse-tye.

Al hierdie items moet duidelik met u kleuter se naam gemerk word. Die skool kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlore items wat nie gemerk is nie. Verlore goedere word elke aand in die braaikamer gebêre en u is altyd welkom om daar te kom rondkrap.

Wat moet ek elke 6 maande saambring:

10 rolle toiletpapier	'n 30 sakkie flip-file (begin van die jaar)
5 pakke sneesdoekies	'n A4 sagteband boek (<i>Kabouters- en Garfield klas</i>)
1 buisie pritt	(begin van die jaar)
R30 vir bak en brou	'n A5 Hardeband boek (<i>Pooh- en Beertjie klas</i>)
	(begin van die jaar)

Dit is die onderwyseresse se taak om streng kontrole oor hierdie items te hou. Dit moet dus slegs by u kleuter se eie klasonderwyseres ingehandig word.

Etes en pouses

Ontbyt, 'n gebalanseerde middagete en 'n versnapering (koekies, koeldrank en vrugte) word elke dag deur die skool verskaf.

Ontbyt is gewoonlik mieliepap of hawermout. Indien u kleuter nie enige van hierdie pap eet nie, moet hulle reeds by die huis ontbyt geniet. Ons kan ongelukkig nie toelaat dat enige kleuter sy eie pap skool toe bring nie.

As aanvulling by die etes wat die skool voorsien, is dit u as ouer se verantwoordelikheid om vir u kleuter pousekos in te pak. Op versoek van die ouers is daar in die oggend *en* in die middag om 4 nm. 'n pouse van ongeveer 20 minute. Pak dus genoeg eetgoedjies in vir albei.

Ons probeer goeie eetgewoontes by al ons kleuters kweek en vra dus dat die ouers gesonde eetgoed van **Maandag tot Donderdag** inpak. Voorbeelde:

- broodjie
- rosyne en grondboontjies
- droëwors
- jogurt
- vrugte en vrugtelekkers
- sap, koeldrank, gegeurde melk

Elke **Vrydag** hou ons piekniekdag en dan kan kleuters enige-iets inpak om te eet of te drink. (lekkergoed, ens.)

Maak asseblief seker dat u kleuter 'n koeldrankbottel en kosblik het wat hy/sy met gemak kan hanteer. Hou dit so eenvoudig moontlik. Merk dit duidelik en maak seker dat die bottels nie lek nie.

Rugsakke

Rugsakke moet groot genoeg wees sodat die volgende items met gemak daarin sal pas:

- skoene / tekkies / sandale
- baadjie / trui / sweetpakbroek / sweetpaktop
- kosblik, koeldrank

Tjokkerland-Rugsakke is te koop in die kantoor.

Tjokker-hemde

Tjokkerland hempies is ook te koop in die kantoor. Hierdie hempies word Maandae vir saal en tydens uitstappies gedra. Ons het ook Tjokkerland rugsakke te koop waarin u kleuter al sy/haar goedjies kan in bêre.

In- en uittekenlyste

Ouers moet elke dag hul kleuters in- en uitteken. Hierdie in- en uittekenlyste sal in die oggend en in die middag in die saal op die tafel wees. Omdat alle personelede nie op dieselfde tyd begin en ophou werk nie, is die lys baie belangrik vir kontrole. Ouers dui ook op hierdie lyste aan of die kleuter die betrokke dag half- of voldag is en of die kleuter enige medikasie benodig. Die onderwyseresse gebruik dan ook hierdie lys om aan te dui wat en hoeveel die kleuters geëet het en of die kleuter geslaap het.

Voorbeeld:

Van	Naam	In	Ontbyt	Middagete	Slaap	Medikasie	Uit
Van Zyl	Sannie		½	✓	Half		
Wilson	Jannie		✓✓	X	✓		

Verduideliking:

Sannie is elke dag halfdag, het die helfte van haar pap en al haar middagete geëet en is reeds huis toe. Jannie het 2 bakkies pap en geen middagete geëet nie. Hy het geslaap en moes na slaapyd medisyne kry. Die onderwyseres het daarby geteken, wat beteken sy het wel sy medisyne gegee. Hy is nog by die skool.

Siektes / Medisyne

1. Moet asseblief nie u kleuter skool toe stuur met enige aansteeklike siektes nie.
2. Laat weet indien u kind nie skool toe kom nie.
3. Merk medikasie duidelik, teken dit aan op medikasie lyste wat voorsien word by die tafel en gee dit self aan die onderwyseres. Geen medikasie mag ter enige tyd in u kleuter se tas wees nie!!!

Algemeen

Indien u enige spesiale versoeke het, bv. 'n kleuter wat skoon aangetrek moet word / swemklere moet aantrek, gee asb. 'n duidelike opdrag en koppel dit aan 'n spesifieke tyd. Dit vergemaklik die onderwyseresse se taak. Indien 'n voldagkleuter nie moet slaap nie (halfdag), rig 'n duidelike versoek aan die klasonderwyseres. Geen boodskap in die verband sal van 'n kleuter aanvaar word nie.

Baie dankie vir al die hulp en ondersteuning wat ons van al ons ouers ontvang, dit word opreg waardeer! Indien u nog enige vrae het, kontak ons asseblief so gou as moontlik.

Groete,
Tjokkerland Personeel